# SONOP NUUSBRIEF

**Ons deel ons sonstrale met almal.**

29 April 2022

Beste Ouer(s) en Voog(de)

Ons vertrou dat almal 'n baie geseënde Paasnaweek beleef het! Ons staan egter alweer voor nog 'n langnaweek as gevolg van die feit dat Werkersdag (1 Mei) vanjaar op 'n Sondag is. Daar sal daarom nie eerskomende Maandag, 2 Mei, skool wees nie. Ons glo dat u heerlik sal rus en indien u sou weggaan, dat u veilig sal reis.

Die Suid Afrikaanse Onderwysunie sê die volgende oor Werkersdag. "Die SAOU vier veral die werkende onderwyser wat die las dra om die **toekomstige werkers** van ons land te kweek en te koester."

By Laerskool Sonop vier ons ook onderwysers by ons skool se toewyding en deursettingsvermoë in uiters uitdagende tye, hul gewilligheid en vermoë om aan te pas by 'n voortdurend veranderende onderwyssektor en die toewyding waarmee hulle kennis oordra aan elke kind in ons skool.

Die skool wens daarom elkeen van ons onderwysers 'n genotvolle en rustige Werkersdag toe!

## SPORT:

### LANDLOOP

Die volgende leerders het deelgeneem aan die tweede landloopbyeenkoms by Bergsig en het baie goed gevaar.

Amy-Lee Deysel, Jordan Wong- Chong, Kenzie Slabbert, Niqui Pretorius en Courtney Meiring.



### SKAAK

Ses van ons leerders het verlede Vrydag, 22 April, by Laerskool Piet Retief aan die eerste rondte van drie rondtes O.P. Junior Skaak-proewe deelgeneem.
Die leerders wat deelgeneem het was:


- Telana Ferreira o/14
- Carol-Lee Stemmet o/12
- Jayden Schler o/12
- Joshua Hall 0/12
- Jannei Schler o/10
- Karlien Snyman o/8
- Jessica Fourie o/8



Baie dankie aan mev. Snyman wat verantwoordelik was vir die reëlings. Ons wens hierdie leerders alle sterkte toe met die volgende rondte proewe.



Joshua Hall


Jannei Schler


Carol-Lee Stemmet


Javden Schler


Telana Ferreira


Karlien Snyman & Jessica Fourie

## RUGBY

Ons rugbymanne het wedstryde gespeel teen Handhaaf en Verkenner en het ongelukkig al hul wedstryde verloor. Ons vertrou dat soos die seisoen aangaan hierdie seuns se vaardighede sal verbeter en dat ons positiewe reslutate in die toekoms sal sien. Volgende week se Woensdagwedstryde teen Sondagsrivier is reeds deur hulle gekanselleer as gevolg van die onluste wat tans in die vallei heers. Kom ons dra almal in die Sondagsriviervallei ook in ons gebede.







## RUGBYPROEWE:

Die volgende o.13- seuns het Woensdag ,27 April, aan die tweede rondte O.P. Cravenweek-proewe deelgeneem.

- Ewan Meiring
- Hanco Nell
- Errol te Brugge
- Hiren van Loggerenberg



Keanu Fortuin moes ongelukkig onttrek weens 'n besering.



Baie geluk aan Ewan Meiring en Hanco Nell wat deurgedring het na die finale O.P. Cravenweek-proewe. Ons is trots op julle!

## NETBAL:

Ons netbalmeisies het hul eerste wedstryde vir die jaar teen Handhaaf gespeel.

Al ons spanne het ongelukkig verloor, maar ons is seker dat dit van hier af net beter sal gaan. Die o.12 wedstryd moes ongelukkig kanselleer word weens 'n positiewe covid geval.  Die o.12 en ook 0.9-wedstryde teen Handhaaf sal op 'n latere stadium gespeel word.

Ons wens die meisies en hul afrigters alle sterkte toe vir die res van die seisoen.

Ons is baie dankbaar teenoor, **Despatch Spar** en **Despatch Klinicare** se borgskappe ten opsigte van ons o.13 A-meisies.







## NETBALPROEWE



Baie geluk aan Kayla van Tonder wat gekies is vir die Metrospan wat

aan die finale Oos-Kaap netbalproewe in Oos-Londen gaan deelneem.

Hierdie is 'n baie groot prestasie en ons is baie trots op haar.

Ons wens haar alle sterkte toe.

## TENNIS

Die B-span het Dinsdag teen Lorraine gespeel en  gewen. Baie geluk aan die spannetjie!
Die A- en B-spanne het Donderdag teen Handhaaf in vriendskaplike wedstrdye gespeel en ongelukkig verloor.



# BUITESPORT:

## SKOPBOKS

Zoé Strydom en Dakotah van der Mescht, het aan die onder 28kg divisie van die “Battle of the Karoo Kickboxing Challenge” in Mosselbaai deelgeneem.
Zoé behaal ‘n 2de plek vir “Continues Fighting”.
Dakotah behaal ‘n 3de plek vir “Points Fighting”.

Baie geluk, ons is baie trots op julle!



Dakotah vd Mescht



Zoé Strydom

## KARATE

Baie geluk aan die leerders wat die volgende prestasies in karate behaal het.  Julle maak ons trots!
Tiaan van der Berg – pers 1
Leané Bradley – blou 2
DeWet Foreman – blou 1



Tiaan vd Berg



Leané Bradley



DeWet Foreman

## KUNSFEES:

Ons is baie opgewonde oor die Despatch Kunsfees wat weer gaan plaasvind.   Ons het heelwat leerders wat ingeskryf het vir die fees en ons wens hulle alle sterkte toe.

## PANTOFFELDAG:

Onthou asseblief dat die leerders volgende Vrydag, **6 Mei,** pantoffels/plakkies saam met hul skoolklere mag dra.  Ons vra dat die leerders asseblief enige bestanddeel vir ons basaar sal bring op hierdie dag.








## SUSANNAH FOURIE SPORTDAG:

Ons is uitgenooi na die sportdag van Susannah Fourie wat eerskomende Saterdag, **7 Mei**, by hulle skool plaasvind.   Baie van ons spanne gaan hier meeding teen verskeie ander skole.  Spelers wat deelneem sal vroeg volgende week kennis ontvang.  Ons wil u as ouers graag uitnooi om ons leerders te kom ondersteun en so ook Susannah Fourie help om van hulle sportdag 'n sukses te maak.

## STEAKBRAAI:

Die reëlings vir ons Steakbraai /Mandjiedans van 20 Mei is nou in volle gang.

Daar is inligting aan u op die WhatsApp-groepe gekommunikeer en 'n brief is ook saam met u kinders gestuur met inligting rondom die geleentheid.  Ons vra asseblief dat u, u vriende en familie sal uitnooi om ons te ondersteun.   As u belangstel om kaartjies te koop, plaas asseblief die geld in 'n duidelik gemerkte koevert en stuur dit vir u kind se opvoeder.






## OPDEDAG vir voornemende gr. RR, R en 1-leerders:










## BASAAR:

Ons jaarlikse basaar vind plaas op **27 Julie** en ons is reeds hard aan die beplan daarvoor.  U kind het reeds 'n skrywe ontvang vir die goedgunstige skenking van bestanddele.   Ons vra dat u asseblief, waar dit moontlik is, vir ons sal help met die skenking van bestanddele.

Die bestanddeel vir volgende week is KONDENSMELK.



**WINTERSDRAG:** 



**Dinsdag ,2 Mei,** skakel ons oor na verpligte wintersdrag. Maak asseblief seker dat u kind(ers) oor die korrekte drag beskik soos reeds aan u gekommunikeer is.




Ons hoop u het 'n wonderlike langnaweek!

M.J. KLEYN

29 - 04 -2022